

19

JAKOB SE DROOM God is altyd by ons

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God altyd getrou bly, al is ons ontrou.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- weet dat God getrou aan Jakob gebly het al was Jakob ontrou.
- besef dat God alles voorsien wat ons nodig het.
- die Jakob-verhaal in breë trekke kan vertel.

Gesindheid

Die kinders moet –

- tevrede wees met dit wat ons van God ontvang.
- God elke dag dank omdat Hy voorsien.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- vir hul ouers kan vertel hoe God vir hulle sorg.
- iets gaan doen om vir God dankie te sê vir sy versorging.

MEER INLIGTING (Genesis 25, 27 en 28)

Ons lees in die Bybel van Jakob en Esau. Hulle was boeties. Jakob het sy boetie Esau baie kwaad gemaak. Op 'n keer het Jakob ook sy pa, Isak, bedrieg. Bedrieg beteken om te jok of 'n leuen te vertel. Toe Esau dit uitvind, was hy baie kwaad vir Jakob. Hy wou hom doodmaak. Omdat Jakob se lewe in gevaar was, vlug hy uit hul land Kanaän waar hulle gewoon het. Hy het na 'n ver land toe gevlug. Sy oupa Abram het van daardie ver land af gekom. Lank terug het

God aan Jakob se oupa Abram en sy nageslag die land Kanaän gegee. Hulle sou vir altyd daar kon bly. Nou het Jakob uit Kanaän gevlug omdat hy sy pa en broer bedrieg het. Jakob het teen die wil van die Here opgetree.

Terwyl Jakob gevlug het, het hy een aand in die veld aan die slaap geraak. Hy het gedroom van 'n leer wat tussen die aarde en die hemel is. In sy droom kom staan die Here by hom en belowe aan Jakob 'n klomp dinge.

Die Here belowe aan Jakob dat –

- Jakob weer sal terugkom na sy land Kanaän toe.
- hy 'n groot nageslag sal hê.
- ander mense op aarde gelukkig sal wees as sy nageslag hul vriende is.
- die Here altyd by Jakob sal wees.

Kom ons lees van God se belofte aan Jakob: *Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan... Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het* (Genesis 28: 15).

Toe Jakob die volgende dag wakker word, het hy sy droom onthou. Hy het nou die troos gehad dat die Here altyd by hom sal wees, waar hy ook al heen moet vlug. Die grootste troos vir Jakob was die sekerheid dat die Here altyd sy beloftes nakom. Ons lees in die boek Genesis hoe hierdie beloftes wat God aan Jakob gemaak het, waar geword het.

Partykeer maak mense aan mekaar beloftes, maar dan verbreek hulle dit weer. God verbreek nooit sy beloftes aan ons nie. As Hy belowe dat Hy by ons sal wees, kan ons Hom glo. Hy doen wat Hy belowe. Ons kan die Here vertrou.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Potlood.
- Kleurpotlode.
- A3-muurkaart met Genesis 28: 15 daarop:

Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan... Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het (Genesis 28: 15).

- Reël vooraf vir die sing van Gesang 519: 1-4 indien dit prakties moontlik is.

KOM ONS BEGIN

- Begin deur Gesang 519 te sing, of lees dit net voor.

*Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Ek spreek, en wind en golwe bedaar,
Ek sal ook jou getrou bewaar.*

Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Ek ken jou pyn, jou donkerste nag.
Ek is by jou, Ek gee jou krag.

Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Kom bring na My jou kommer en vrees.
Ek sal vir jou 'n toevlug wees.

Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Bly waak en bid; volhard in geloof.
Ek is by jou soos Ek belooft.

- Open met gebed. Bid dat ons altyd eerlik teenoor mekaar sal optree.

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle nog die volgende uit Les 15 kan onthou:

- Wat wys of ons God en mekaar liefhet? (*Wat ons sê en wat ons doen.*)
- *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle (ook aan hulle doen.)* (Matteus 7: 12)
- Noem drie goed wat ons moet doen om goed vir ander te wees.
 - o *Ons moet vriendelik wees;*
 - o *luister en probeer verstaan;*
 - o *altyd dankie sê;*
 - o *komplimente vir iemand gee; en*
 - o *help as iemand in die moeilikheid is.*
- Wat moet met ons gebeur omdat ons sondes so baie is? (*Ons moet met die dood gestraf word.*)
- Watter ander plan het God vir ons gemaak? (*God het vir Jesus gestuur om in ons plek te sterf.*)
- Na hoeveel dae het Jesus weer uit die dood opgestaan? (*Na drie dae.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra die volgende vrae en lok gesprek daarmee uit:

- Baklei julle soms met jul boeties of sussies?
- Wil Jesus hê dat ons baklei?
- Ons gaan vandag van 'n boetie leer wat sy ouer broer baie kwaad gemaak het.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel wat gebeur het met Jakob.

IETS BELANGRIK

Herhaal die belangrikste feite:

- Jakob en Esau was boeties.
- Jakob het vir Esau baie kwaad gemaak.

- Jakob het ook sy pa bedrieg.
- Esau wou hom daarvoor doodmaak.
- Jakob vlug na 'n ver land.
- Jakob het in die veld aan die slaap geraak.
- Hy het gedroom –
 - o van 'n leer wat tussen die aarde en die hemel is.
 - o die Here staan by hom.
- Die Here belowe hom dat –
 - o hy sal terugkom na Kanaän toe.
 - o hy 'n groot nageslag sal hê.
 - o ander mense wat hul vriende gaan wees, gelukkig sal wees.
 - o Hy altyd by Jakob sal wees.
- Hoor wat staan in Genesis 28: 15: *Ek is by jou, ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan... Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.*
- Die grootste troos vir Jakob was dat die Here altyd sy beloftes nakom.
- God verbreek nooit sy beloftes aan ons nie.
- God bly altyd getrou, al is ons ontrou.
- God voorsien in alles wat ons nodig het.
- God is altyd by ons.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die blokkiesraaisel voltooi. Kies die regte woord uit die volgende: getrou, droom, belowe, vlug, bedrieg, Here.

DWARS

1. Jakob van 'n leer. (*droom*)
2. Die praat met hom in sy droom. (*Here*)
4. God bly, al is ons ontrou. (*getrou*)

AF

3. Die Here doen wat Hy (*belowe*)

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hul ouers gedurende die week vir hulle Jakob se geskiedenis uit Genesis 27: 1-24, 30-36 en 41 lees.
- Laat die kinders –
 - o 'n tekening maak van die leer by Jakob wat slaap.
 - o onder die prent skryf: *God is altyd by ons.*
 - o 'n paar voorbeelde noem hoe God vir hulle voorsien, en laat hulle dit in die raampie neerskryf.
- Moedig hulle aan om vir ander te vertel hoe God vir hulle sorg.

Leer

Laat hulle die volgende feite gaan leer:

- Jakob het vir Esau en sy pa bedrieg.

- Esau wou hom daaroor doodmaak.
- Jakob vlug na 'n ver land.
- Hy het in die veld aan die slaap geraak en gedroom –
 - o van 'n leer wat tussen die aarde en die hemel is.
 - o die Here staan by hom.
- Die Here belowe hom dat –
 - o hy sal terugkom na Kanaän toe.
 - o Hy altyd by Jakob sal wees.
- God verbreek nooit sy beloftes aan ons nie.
- Hy is altyd by ons.
- Ek sê vir Hom dankie dat Hy so goed vir ons is.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.